Van Rensburg Monumenttehuis – Delaneystraat 69, Danville, Pretoria 0183, tel 012 386 5730 / 012 386 1201.
Piet Potgieter Monumenttehuis – Hoogestraat 60, Potgietersrus 0600, tel 015 491 6314.

Andries-Marié Oosthuizen Monumenttehuis – hv Grensstraat en 2de Laan, Parys 9585, tel 056 811 2185.

BEHUISINGSKOMPLEKSE VIR BEJAARDES
Louis Trichardt Monumenttehuis – Danweg 127, Danville, Pretoria 0183; Posbus 30104, Wonderboompoort 0033, tel 012 386 5310.
Emily Hobhouse Monumenttehuis – Malherbestraat 55, Capital Park, Pretoria 0084, tel 012 323 4891 / 2 / 012 321 2115.
Emily Hobhouse-woonstelle – Malherbestraat 51, Capital Park, Pretoria 0084, tel 012 323 4891 / 2.
Karee-woonstelle – Hoogestraat 56, Potgietersrus 0600, tel 015 491 6314.
Kiepersol-woonstelle – Rabestraat 59, Potgietersrus 0600, tel 015 491 6314.
Maroela-woonstelle – Rabestraat 59, Potgietersrus 0600, tel 015 491 6314.
Andries-Marié Oosthuizen Monumenttehuis-woonstelle – hv Grensstraat en 2de Laan, Parys 9585, tel 056 811 2185.

DIENSSENTRUMS
Monument Dienssentrum – Delaneystraat 77, Danville, Pretoria 0183, tel 012 386 5562.
Emily Hobhouse Dienssentrum – Malherbestraat 53, Capital Park, Pretoria 0084, tel 012 323 4891.

Administrasie: Mnr JN van Huyssteen, Bestuurder Bejaardesorg, Posbus 30104, Wonderboompoort 0033, tel 012 325 1857 / 8, faks 012 323 2127.

ONS TUIS TEHUISE

ONS TUIS
Direksie: Ds AC Kuyper (voorsitter), mnre JF Viljoen (sekretaris), R Schilz, L de Munnik, JJ Hurter, I Dreyer, L Venter, mevv H Grobbelaar, EV Vermooten, CCC Engelbrecht, ME Kok, ME Fourie en dr HT van Deventer.
Adviserend: Bestuurder Bejaardesorg: Mnr JN van Huyssteen.

VERSORGINGSEENHEDE VIR BEJAARDES
Ons Tuis – Zoutpansbergweg 180, Riviera, Pretoria 0084, tel 012 329 3623 / 4 / 5.

BEHUISINGSKOMPLEKSE VIR BEJAARDES
Huis Annie Schilz – Zoutpansbergweg 180, Riviera, Pretoria 0084, tel 012 329 3707.
Machteld Postmus Wooneenhede – Alexanderstraat 372, Brooklyn 0181, tel 012 346 2418.
Huis Johannes Postmus – MacKenziestraat 215, Brooklyn, Pretoria 0181, tel 012 346 2418.
Huis Frans Boshoff – MacKenziestraat 233, Brooklyn, Pretoria 0181, tel 012 346 2418.
Huis Riekie Boshoff – MacKenziestraat 225, Brooklyn, Pretoria 0181, tel 012 346 2418.
Huis McIntosh – MacKenziestraat 225, Brooklyn, Pretoria 0181, tel 012 346 2418.
Gerrieshof – Bergstraat 29, Rustenburg 0300, tel 0142 23432 namiddae.

DIENSSENTRUMS
Die Direksie is verantwoordelik vir die oprigting en bestuur van tuistes vir die versorging van bejaardes.

Seniorstuis Dienssentrum – Zoutpansbergweg 180, Riviera, Pretoria 0084, tel 012 329 3707.

Postmus Dienssentrum – MacKenziestraat 233, Brooklyn, Pretoria 0181, tel 012 346 2418.

BESTUURSKOMITEE VAN BEJAARDESORG
Mevv ME Fourie (voorsitter), L Retief, A van Wyk, H Grobbelaar, EV Vermooten, M Beukes, CJ Prinsloo, mnr R Schiltz, ds AC Kuyper, diak H Janse van Rensburg en die administrateur.
Administrasie: Mnr JN van Huyssteen, Bestuurder Bejaardesorg, Posbus 30104, Wonderboompoort 0033, tel 012 325 1857 / 8, faks 012 323 2127.

DIE ONDERSTEUNINGSRAAD

As Diakonale Diensorgaan verrig Die Ondersteuningsraad die barmhartigheidsdienste wat vakkundig van aard is en wat primêr sentreer rondom die gesin, die gesinslewe en kinderversorging.

Direksie: Drr WJ Coetzer (voorsitter), EB Marran, di CG Senekal, IJ Vogel, mev MCS Steenkamp, CJJ Prinsloo en mnr DJ de Jager.
Uitvoerende direkteur: Mev MCS Steenkamp, Posbus 2368, Pretoria 0001, tel 012 322 8885, faks 012 3225787, oraad@nhk.co.za.

TAKKANTORE
Lede van die Monumenttehuisdireksie en die Ons Tuis-direksie dien in die bestuurskomitee as gevolg van 'n samewerkingsooreenkoms.

BRAKPAN: Posbus 104, Brakpan 1540, tel + faks 011 740 9310 / 1, oraadbrakpan@nhk.co.za.

CARLETONVILLE: Posbus 1682, Carletonville 2500, tel 018 788 5031, faks 018 789 4287, oraadcarletonville@nhk.co.za.

ELSBURG: Posbus 9759, Elsburg 1407, tel 011 824 3226 / 9, tel + faks 011 827 3813, oraadelsburg@nhk.co.za.

HEIDELBERG: Posbus 305, Heidelberg 2400, tel 016 341 4333 / 5448, faks 016 341 6725, oraadheidelberg@nhk.co.za.

JOHANNESBURG: Posbus 96266, Brixton 2019, tel 011 830 0074, faks 011 837 3581, oraadjohannesburg@nhk.co.za.

KAMEELZIJNKRAAL: Posbus 1564, Bronkhorstspruit 1020, tel + faks 013 932 4861.

KEMPTONPARK: Posbus 705, Kemptonpark 1620, tel + faks 011 970 1574 / 84, oraadkemptonpark@nhk.co.za.

KLERKSDORP: Posbus 1496, Klerksdorp 2570, tel + faks 018 462 6098 / 1519, oraadklerksdorp@nhk.co.za.

KRUGERSDORP: Posbus 506, Krugersdorp 1740, tel + faks 011 953 1200 / 1.

LINMAR: Tel 011 660 5252, oraadkrugersdorp@nhk.co.za.

LICHTENBURG: Posbus 608, Lichtenburg 2740, tel + faks 018 632 2877.

LYDENBURG: Posbus 623, Lydenburg 1120, tel + faks 013 235 2847, oraadlydenburg@nhk.co.za.

NYLSTROOM: Posbus 53, Nylstroom 0510, tel + faks 014 717 3594, oraadnylstroom@nhk.co.za.

PIETERSBURG: Posbus 1046, Pietersburg 0700, tel 015 295 9053, faks 015 291 4758, oraadpietersburg@nhk.co.za.

POTCHEFSTROOM: Posbus 1214, Potchefstroom 2520, tel 018 293 0463, faks 018 293 0340, oraadpotchefstroom@nhk.co.za.

PRETORIA:	Posbus 26282, Arcadia 0007, tel 012 325 2320 / 1 / 2 / 3, faks 012 325 1856, oraadpretoria@nhk.co.za
RANDFONTEIN:	Posbus 1344, Randfontein 1760, tel 011 693 2080, faks 011 693 7466, oraadrandfontein@nhk.co.za.
RUSTENBURG:	Posbus 70006, Ridderspark, Rustenburg 0303, tel 014 597 2972, faks 014 597 3682, oraadrustenburg@nhk.co.za.
SAULSVILLE:	Posbus 26282, Arcadia 0007, tel + faks 012 373 5257.
SECUNDA:	Posbus 10090, Secunda 2302, tel 017 631 1631 / 2973, faks 017 631 1620, bouwers1@xsinet.co.za.
TARLTON:	Posbus 506, Krugersdorp 1740, tel 011 952 1197.
VANDERBIJLPARK EN BOPHELONG:	Posbus 63, Henbyl 1903, tel 016 986 3031 / 2, faks 016 986 3033, oraadvanderbijlpark@nhk.co.za.
WITBANK:	Posbus 1719, Witbank 1035, tel + faks 013 656 1755, oraadwitbank@nhk.co.za.

PROGRAMBESTUURDERS:

Dr Charmaine Fourie, oraad@nhk.co.za.
Me Ronel de Villiers, oraadmp@nhk.co.za.
Me Suzanne van Deventer, oraad@telkomsa.net.

KINDERHUISE/DIAKONALE PLEEGSORGHUISE (DPS-HUISE)

Die Direksie is verantwoordelik vir die versorging, opvoeding en onderrig van sorgbehoewende kinders.

Ds RJ Coertze (voorsitter), ds JPJ Fourie (visevoorsitter), mnr JF Viljoen (administrateur), di GSC Scheepers, IM Lombard, JT Manders, WJJ Kok, J Bevolo-Manders, JR Kramer, dr RJ Labuschagne, mnre I Dreyer, J Beumer en E Struwig.

Adviserend: Die administrateur en die uitvoerende bestuurder van die Diakonale Pleegsorghuise.

Bestuurder: Dr JA Oberholzer, Dirk van der Hoffgebou, Jacob Maréstraat 224, Pretoria; Posbus 2368, Pretoria 0001, tel 012 322 8885 / 082 851 1081, jan@nhk.co.za.

Sekretaresse: Mev MC van Niekerk, Dirk van der Hoffgebou, Jacob Maréstraat 224, Pretoria; Posbus 2368, Pretoria 0001, tel 012 322 8885, kinderhuise@nhk.co.za.

TO CARE

Uitvoerende beampte: Ds JLJ Smit, tel + faks 011 740 5753 / 082 490 3574, jlj@oribi.co.za.

Projekbestuurder: Mev S Webb, tel 012 322 8885 / 084 580 2331, salomie@tocare.co.za.

Administratiewe beampte: Mev M Botha, tel 012 322 8885, tocare@nhk.co.za.

Verteenwoordigers by die Transoranje Instituut vir Buitengewone Onderwys
Drr WJ Coetzer, JA Oberholzer, JFP Engelbrecht, ds JMJ de Wet en mnr AL Pretorius.

GEMEENTES EN BELYDENDE LIDMATE IN RINGSVERBAND 2006-2008

RING	GEMEENTES			AANTAL BELYDENDE LIDMATE		
	2006	2007	2008	2006	2007	2008
Potchefstroom	7	7	7	3 251	3 819	2 795
Rustenburg	5	5	5	3 517	3 535	3 519
Zoutpansberg	10	10	10	2 856	2 738	2 746
Pretoria	7	7	7	4 628	4 534	4 540
Middelburg	9	9	9	3 828	3 598	3 717
Heidelberg	9	9	9	2 780	2 742	2 632
Zeerust	12	12	12	3 566	3 713	3 358
Krugersdorp	7	7	7	2 670	2 672	2 486
Johannesburg	8	8	8	2 289	2 260	2 295
Germiston	9	9	9	4 393	4 321	4 201
Sentraal-Afrika	2	2	2	171	171	0
Dorsland	9	9	9	1 104	1 118	1 139
Bloemfontein	5	5	5	1 242	1 122	1 134
Pietermaritzburg	7	7	7	2 032	2 033	1 925
Wes-Kaapland	8	8	7	1 534	1 603	1 625
Maquassi	9	9	9	2 040	1 940	1 876
Losberg	6	6	6	3 466	3 488	3 427
Vereeniging	11	11	11	4 898	4 960	4 691
Noordelike Pretoria	12	12	12	6 603	6 568	6 369
Bronkhorstspruit	8	8	8	4 463	4 239	4 226
Trichardtsfontein	6	6	6	2 310	2 310	2 147
Waterberg	6	6	6	2 343	2 236	2 142
Heilbron	10	10	10	2 362	2 345	2 276
Pretoria-Noord	9	9	9	4 947	4 883	4 878
Bothaville	10	10	10	1 883	1 836	1 711
Brakpan	9	9	9	3 783	3 804	3 662
Roodepoort	7	7	7	3 086	3 001	2 918
Klerksdorp	11	11	10	4 543	4 598	4 637
Noord-Kaapland	12	12	12	1 279	1 255	1 159
Pretoria-Wes	7	7	7	4 757	4 757	4 658
Zuurfontein	7	7	7	3 590	3 480	3 147
Lydenburg	10	10	10	2 973	2 999	2 873
Noordelike Natal	5	5	5	1 038	1 057	1 007
Krokodilrivier	7	7	7	3 334	3 278	3 320
Chrissiesmeer	11	11	11	2 559	2 559	2 501
Laeveld	5	5	5	1 654	1 697	1 696
Swellendam	5	5	5	1 030	995	961
Potgietersrus	6	6	6	2 008	1 993	1 989
Oos-Kaapland	6	6	6	989	886	819
Totaal	**309**	**309**	**309**	**111 799**	**110 149**	**107 202**

Lidmate in ringsverband 2008

RING VAN	Lidmaat-tal	Belydende lede	Belydenis afgelê	Oorlede: Belydend
Potchefstroom	3 385	2 795	75	43
Rustenburg	4 668	3 519	112	41
Zoutpansberg	3 617	2 746	57	22
Pretoria	5 623	4 540	63	38
Middelburg	4 885	3 717	96	40
Heidelberg	3 260	2 632	70	59
Zeerust	4 437	3 358	55	32
Krugersdorp	3 140	2 486	35	29
Johannesburg	2 807	2 295	30	25
Germiston	5 052	4 201	60	45
Sentraal-Afrika	0	0	0	0
Dorsland	1 514	1 139	16	15
Bloemfontein	1 363	1 134	23	11
Pietermaritzburg	2 395	1 925	30	16
Wes-Kaapland	1 980	1 625	20	11
Maquassi	2 361	1 876	29	19
Losberg	4 381	3 427	106	46
Vereeniging	5 887	4 691	103	64
Noordelike Pretoria	7 990	6 369	118	62
Bronkhorstspruit	5 449	4 226	107	58
Trichardtsfontein	2 841	2 147	41	17
Waterberg	2 584	2 142	37	61
Heilbron	2 784	2 276	39	46
Pretoria-Noord	6 172	4 878	142	77
Bothaville	2 141	1 711	27	11
Brakpan	4 601	3 662	50	40
Roodepoort	3 564	2 918	73	44
Klerksdorp	5 867	4 637	117	50
Noord-Kaapland	1 531	1 159	32	19
Pretoria-Wes	6 138	4 658	94	42
Zuurfontein	3 865	3 147	10	20
Lydenburg	3 855	2 873	57	36
Noordelike Natal	1 251	1 007	31	18
Krokodilrivier	4 389	3 320	51	26
Chrissiesmeer	3 179	2 501	70	36
Laeveld	2 247	1 696	59	10
Swellendam	1 080	961	15	9
Potgietersrus	2 740	1 989	59	23
Oos-Kaapland	1 022	819	3	5
Totaal	**136 045**	**107 202**	**2 212**	**1 266**

Lidmate oorgekom/vertrek en ampsdraers in ringsverband 2008

RING	Met bewys van lidmaatskap		Diensdoende		Aantal voltydse predikante	Aantal lidmate per voltydse predikant
	oorgekom	vertrek	ouderlinge	diakens		
	2006	2007	2008	2008	2007	2008
Potchefstroom	60	91	179	183	6	564
Rustenburg	108	83	185	152	7	667
Zoutpansberg	25	78	130	118	8	452
Pretoria	83	131	244	161	10	562
Middelburg	69	82	202	178	5	977
Heidelberg	39	134	145	134	7	466
Zeerust	116	195	105	96	9	493
Krugersdorp	51	81	77	72	6	523
Johannesburg	41	36	120	101	7	401
Germiston	24	200	159	107	9	561
Sentraal-Afrika	0	0	0	0	1	0
Dorsland	45	39	77	57	7	216
Bloemfontein	57	44	50	49	2	682
Pietermaritzburg	50	70	102	63	5	479
Wes-Kaapland	9	58	89	54	5	396
Maquassi	13	34	113	103	7	337
Losberg	79	103	137	123	5	876
Vereeniging	120	130	240	147	10	589
Noordelike Pretoria	71	200	293	189	12	666
Bronkhorstspruit	160	200	138	109	6	908
Trichardtsfontein	44	27	67	61	5	568
Waterberg	60	44	152	132	4	646
Heilbron	72	118	124	100	8	348
Pretoria-Noord	79	128	198	160	9	686
Bothaville	43	92	97	83	9	238
Brakpan	27	137	136	123	4	1 150
Roodepoort	54	116	110	100	6	594
Klerksdorp	105	109	264	185	6	978
Noord-Kaapland	12	31	75	62	14	109
Pretoria-Wes	91	149	229	167	9	682
Zuurfontein	68	107	122	70	5	773
Lydenburg	99	101	94	49	10	386
Noordelike Natal	6	37	59	41	3	417
Krokodilrivier	67	69	117	138	5	878
Chrissiesmeer	43	108	152	125	9	353
Laeveld	56	34	119	60	4	562
Swellendam	9	18	33	28	5	216
Potgietersrus	41	40	120	103	4	685
Oos-Kaapland	5	48	44	28	1	1 022
Totaal	**2 201**	**3 502**	**5 097**	**4 011**	**254**	**536**

Gemeentes, lidmate en predikante 1979 – 2008

Jaar-tal	Lidmaat-tal	Bely-dende lede	Bely-denis gedoen	Gedoop	Vertrek	Oorge-kom	Aantal gemeente-predikante	Oorlede		GEMEENTES		Getal lidmate per predi-kant
								Bely	Nie Bely	Buite Repu-bliek	In Repu-bliek	
1979	193 195	125 493	5 562	5 043	1 768	1 981			217	18	261	578
1980	193 521	126 661	5 378	4 818	1 821	1 917			220	18	262	576
1981	193 111	127 435	5 394	4 848	1 753	1 969			215	15	266	593
1982	193 091	127 346	5 119	5 083	2 031	2 066			225	12	271	566
1983	196 323	130 619	5 112	5 264	1 816	2 161			246	12	278	530
1984	193 144	129 426	5 506	5 191	1 852	2 265			250	12	284	518
1985	194 197	130 981	5 124	5 028	1 900	2 239			251	12	286	522
1986	195 299	132 016	5 192	4 936	2 028	2 313			263	11	287	501
1987	196 335	132 831	5 310	4 843	1 491	2 531	259	1 459	94	11	293	513
1988	193 484	131 466	4 769	4 812	2 536	3 449	285	1 412	59	11	294	461
1989	193 890	131 697	4 693	4 363	2 417	3 229	280	1 427	67	11	297	470
1990	192 541	132 483	5 926	4 280	2 280	2 848	280	1 567	78	11	298	473
1991	193 561	133 091	4 898	4 143	1 990	2 499	294	1 612	59	11	303	453
1992	192 759	134 160	5 022	4 004	1 804	2 490	289	1 633	46	11	306	464
1993	189 131	131 793	4 786	3 666	2 925	3 225	285	1 599	48	11	306	464
1994	184 601	130 710	4 900	3 667	4 426	4 331	324	1 552	46	11	306	536
1995	181 732	129 477	4 784	1 002	4 830	4 852	353	1 596	108	16	309	515
1996	176 338	129 759	4 764	1 622	5 184	4 751	343	1 583	33	16	313	514
1997	173 384	125 141	3 645	2 743	4 626	4 084	373	1 579	60			465
1998	170 011	123 538	3 756	2 423	9 383	8 161	365	1 703	2	14	311	466
1999	163 680	122 723	3 881	1 377	4 945	4 608	369	1 748	39	14	308	444
2000	162 526	120 937	3 592	1 958	4 744	4 587	358	1 604	37	15	307	454
2001	156 722	118 012	3 701	2 040	8 314	6 270	347	1 544	45	21	294	452
2002	154 687	116 829	2 834	1 872	3 798	3 198	346	1 160	26	5	312	447
2003	148 596	113228	3 294		7 808	6 481	340	1 537	35	3	310	437
2004	143 457	112 756	3 150	1 877	6 166	5 040	323	1 458	26	3	309	437
2005	142 089	109 810	2 781	1 696	9 966	7 969	314	1 417	45	3	309	453
2006	143 463	111 799	2 003	1 207	6 999	6 576	302	925	0	12	297	475
2007	140 196	110 149	1 849	1 221	4 975	3 304	284	941	0	12	297	494
2008	136 045	107 202	2 212	1 457	3 502	2 201	254	1 266	0			536

Skooltermyne 2009

Kwazulu-Natal, Oos-Kaap, Wes-Kaap, Noord-Kaap

	Eerste	Tweede	Derde	Vierde
OPEN	21 Januarie	15 April	20 Julie	5 Oktober
SLUIT	3 April	26 Junie	23 September	11 Desember

Vrystaat, Gauteng, Noordwes, Limpopo, Mpumalanga

	Eerste	Tweede	Derde	Vierde
OPEN	14 Januarie	15 April	20 Julie	5 Oktober
SLUIT	27 Maart	26 Junie	23 September	11 Desember

Universiteitskalenders 2009

RHODES-UNIVERSITEIT

16 Februarie – 3 April
20 April – 26 Junie
27 Junie – 4 September
14 September – 18 Desember

UNIVERSITEIT VAN KAAPSTAD

16 Februarie – 3 Maart
14 April – 12 Junie
27 Julie – 4 September
14 September – 18 Desember

UNIVERSITEIT VAN STELLENBOSCH

2 Februarie – 20 Maart
23 Maart – 4 April
Eksamens 13 April – 15 Mei
20 Julie – 4 September
14 September – 23 Oktober

UNIVERSITEIT VAN DIE VRYSTAAT

26 Januarie – 27 Maart
15 April – 29 Mei
Eksamens 1 Junie – 26 Junie
20 Julie – 23 September
5 Oktober – 30 Oktober
Eksamens 2 November – 27 November

NOORDWES-UNIVERSITEIT

14 Januarie – 27 Maart
15 April – 26 Junie
20 Julie – 23 September
5 Oktober – 11 Desember

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA

28 Januarie – 30 Maart
14 April – 26 Mei
13 Julie – 23 September

UNIVERSITEIT VAN JOHANNESBURG

2 Februarie – 27 Maart
14 April – 19 Junie
13 Julie – 28 Augustus
7 September – 20 November

NELSON MANDELA METROPOLITAN

9 Februarie – 27 Maart
30 Maart – 27 Mei
21 Julie – 5 September

Hospitaalbediening in Pretoriagebied

WERKWYSE

Die volgende werkwyse geld tans:

(a) Die ***gemeentes van die ringe van die Pretoriagebied*** neem verantwoordelikheid vir die bediening by hospitale soos aan hulle toegewys. Pasiënte vanuit gemeentes buite die ringe van Pretoria word **slegs op versoek** van die tuisgemeente besoek.

(b) Die tuisgemeentes van pasiënte moet dus die gemeente/predikant wat verantwoordelik is vir die bediening by 'n betrokke hospitaal ***in kennis stel*** van pasiënte wat daar gehospitaliseer is.

(c) ***Terugvoering*** aan die tuisgemeentes insake die pastorale versorging van pasiënte sal, soos wat dit prakties moontlik is, gegee word.

BEDIENINGSVERANTWOORDELIKHEID

HOSPITAAL	VERANTWOORDELIKE GEMEENTE/PREDIKANT		TELEFOON-NOMMER
Pretoria Akademies	Pierneef Noordelike Pretoria Wonderboom-Suid	Ds P de Kock Ds AG Strauss Ds DZ du Plessis	012 333 6630 082 710 2539 082 333 7450
Femina/Jakaranda, Oumashoop en (Ou Moedersbond) Ginekologie	Philadelphia	Ds MJ Slabbert Dr PJ van Staden	082 655 4787 072 203 0050
Wilgers en Zuid-Afrikaans	Meyerspark	Dr JMG Storm Ds LJ van der Linde	072 203 0050 083 408 1600
Pretoria-Oos Kloof	Rietvallei	Ds H Herbst Ds HJ Odendaal	083 302 1828 082 321 7403
Faerie Glen, Denmar en Sungardens Hospice	Wapadrant	Ds JM Delport Ds TF Dreyer	082 552 9481 082 552 9394
Little Company of Mary	Pretoria-Oos	Prof PA Geyser	012 361 0579 082 926 8371

HOSPITAAL	VERANTWOORDELIKE GEMEENTE/PREDIKANT		TELEFOON-NOMMER
Urologie en Ooginstituut	Silverton	Ds J van Immerzeel	078 022 2731
	Montana-Oos	Dr JJ Steenkamp	072 275 2352
	Derdepoort	Ds PC Swanepoel	072 372 6933
Meulmed en Medforum	Pretoria	Dr C Pretorius	083 608 7252
Harthospitaal	Pretoria-Tuine	Dr MA Botma	012 460 7768
	Wesmoot	Ds SA Beukes	073 167 1183
Eugene Marais	Wonderboompoort		
	Bergsig	Ds F Nortjé	079 528 3580
	Oos-Moot	Ds JG Janse van Rensburg	082 927 3700
	Wonderboom	Ds PS Esterhuizen	082 764 2622
Bougainville	Noordwestelike Pta	Ds GS de Beer	083 781 2955
	Wesmoot	Ds SA Beukes	073 167 1183
Akasia en Garankuwa	Hartbeeshoek	Dr GCJ Nel	082 823 5074
		Ds JM Bevolo-Manders	083 260 0983
	Theresapark	Ds JS Naudé	083 391 3151
	Witfontein	Ds JT Manders	083 254 4771
	Pretoria-Noord	Ds K Koning	082 780 7925
Moot Hospitaal	Villieria	Ds AC Kuyper	083 271 9693
	Pierneef	Ds P de Kock	012 333 6630
Montana Kliniek	Wonderboom	Ds PS Esterhuizen	082 764 2622
	Montana	Ds DW van der Watt	082 572 4855
		Ds RJ Coertze	082 572 4846
		Ds JM (Thinus) van Staden	084 589 7035
	Grootvlei	Ds CG Liebenberg	083 788 0071
Pretoria-Wes en Kalafong	Elandspoort	Ds HP van den Berg	082 326 6400
	Pretoria-Wes		
	Erasmia	Ds JJ Greyling	082 490 1422
Unitas, Vista en Weskoppies	Verwoerdburg	Ds PF Viljoen	082 906 7774
		Dr J Beyers	083 417 5803
1 Mil Hospitaal	Swartkop	Ds APJ Beukes	083 447 7943
		Ds AH Roets	083 232 4424
	Rooihuiskraal	Dr GC Lindeque	082 374 8703

Wie is die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika?

'n Mens kan die vraag dalk vinnig antwoord deur te sê die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika (NHKA) is 'n kerk. En dan bedoel jy daarmee die Hervormde Kerk is 'n afsonderlike denominasie – 'n organisasie met sy eie bestuurstelsel en administrasie. In dié sin is die Hervormde Kerk nie uniek nie; inteendeel, die Hervormde Kerk is maar één van baie, en op geen manier indrukwekkend in die lys van kerke nie.

Daarom is dit beter om te sê die Hervormde Kerk is kerk (sonder 'n lidwoord) – ons maak deel uit van die Here se een heilige, algemene kerk op aarde. Ons is in die eerste plek mense wat deur God geroep is om getuies te wees van sy liefde in Jesus Christus. God het ons bymekaargebring om mekaar se geloof te versterk, en saam aan alle mense te verkondig dat Jesus lewe.

Ons visie

Daarom formuleer die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering (AKV) in Maart 2005 die breë visie vir ons Kerk soos volg: *Ons droom is dat alle mense in Jesus Christus sal glo as hoop vir die wêreld.* En ons wil aan hierdie visie gestalte gee *...deurdat die kerk, as* **gemeenskap** *van gelowiges, ons geloof in Jesus Christus in woord en lied sal* **vier***, aan mense* **diensbaar** *sal wees en van die verlossing in Christus sal* **getuig**. So identifiseer ons onsself volledig met die hele Christelike kerk regoor die wêreld.

Aan die ander kant is ons ook nie kerk op presies dieselfde manier as enige ander kerk (denominasie) nie. Daar is ook dinge wat ons juis anders maak as God se ander getuies in ons land en wêreld. Baie van hierdie dinge wat ons uniek maak, is op die oog af toevallig. Dit het te make met tyd, plek en omstandighede. Dit het te make met ons Kerk se historiese wortels in Noord-Europa en die gees van die Kerkhervorming, dit het te make met ons eie geskiedenis in Afrika, met huwelike, met die plek waar ons en ons (voor)ouers gebly het, ja, selfs met die mense wat ons studentemaats, vriende of bure was. En as ons eerlik is, moet ons erken dit het selfs met ons elkeen se persoonlikheid en persoonlike vorming te doen.

Ons waardes

Tog het al hierdie faktore ook hulle merk op ons gelaat en daartoe bygedra om aan die Hervormde Kerk 'n unieke karakter te gee. Ek glo dit is belangrik om te spesifiseer watter dinge ons unieke karakter bepaal – vir onsself en vir ander. Die Kommissie van die AKV het in 2005 drie grondliggende waardes geïdentifiseer wat wyd in ons Kerk gedeel word, en ek voeg hieronder my eie interpretasie daarby.

Voorop staan die Hervormde Kerk se Skrifbeskouing. Die Kommissie noem dit *nugterheid in ons omgang met die Woord*. Aan die een kant kyk ons met groot

eerlikheid krities na die verskillende tekste van die Ou- en Nuwe-Testamentiese boeke as tekste wat uit 'n verre, vreemde samelewing afkomstig is. Maar aan die ander kant maak ons groot erns met die verkondiging van hierdie tekste se getuienis oor God – die manier waarop die Bybelse teks altyd in 'n Hervormde erediens aan die woord kom, is vir my een van die uitstaande kenmerke van ons Kerk.

Ons beperkings

Voortvloeiend uit ons Kerk se openheid vir 'n histories-kritiese bestudering van die Bybel, was die trant van argumentvoering oor aktuele kwessies in ons Kerk nog altyd anders as in ander kerke. Die Kommissie verwys hierna as *nederigheid in ons lewe voor God*. Daarmee gee ons te kenne dat ons besef dat ons – net soos die Bybelse tekste en belydenisskrifte van die kerk – deur ons tyd en omstandighede beperk word om maar net 'n fraksie van God se Woord en werk te kan verstaan. Ons antwoorde op aktuele kwessies is voorlopig en genuanseerd, nie absoluut en tydloos nie. Dit blyk telkens uit ons Kerk se beredenering van aktuele kwessies soos politiek, evolusie, ekologie, vroueregte (ook in die kerk), kleredrag, Sabbatsheiliging, homoseksualiteit, ensovoorts.

Laastens wys die Kommissie daarop dat *menslikheid (liefde en deernis) in ons verhoudings met mekaar en ander mense* vir ons belangrik is. Inderdaad kan ons verwys na baie voorbeelde van liefdesdiens wat ons Kerk oor die jare gedoen het: spontaan deur gelowige lidmate in elke gemeente, en georganiseerd deur kerklike strukture soos ouetehuise, weeshuise, en Die Ondersteuningsraad. Hierin, glo ek, het ons Kerk geantwoord op die roepstem en voorbeeld van ons Here Jesus Christus self.

Ek vrees egter dat ons menslikheid in die verlede dikwels die oorhand oor ons medemenslikheid gekry het. Ons menslikheid het dikwels veroorsaak dat ons aan ons eie behoeftes voorrang gegee het bo die nood van ander. Ons menslikheid het ons dikwels gevul met wantroue en vooroordeel, en ons daarvan weerhou om oop en eerlik na mekaar en ander mense te luister. Ja, ek dink selfs ons menslikheid het ons dikwels doof gemaak vir die evangelie self. Dit is jammer.

Maar dan kan ons juis as kinders van die Kerkhervorming bely dat dit die gevolg daarvan is dat ons tegelyk verlostes en sondaars is. En dan kan ons, juis as Hervormers, weer eens bely dat ons insig altyd beperk is, dat ons uitsprake altyd voorlopig is, en dat ons doen en ons late altyd onvolmaak is. Ons kan erken dat ons verkeerd was, en ons kan anders praat en anders doen – juis omdat ons Hervormers is!



Dr Wouter van Wyk
Sekretaris: Raad vir SENTIK

Diversiteit in die Kerk

SENTIK

Sentrum vir Toerusting, Inligting en Kommunikasie

AIM

Die Afrika Instituut vir Missiologie
The Africa Institute for Missiology

HTK

Hervormde Teologiese Kollege

Konservatorium vir Kerkmusiek

Die Ondersteuningsraad

Reik uit, raak aan – Reach out, touch

ADV

Wees barmhartig soos
julle Vader barmhartig is

to care

For vulnerable communities

NHSV

Nederduitsch Hervormde
Sustersvereniging – Dinamies vorentoe

Huldeblyke

Die Kerk dink met dankbaarheid aan die werk van die dienaars van die Woord wat ons gedurende 2008 ontval het.

Ds CM van den Berg

04-02-1961 – 19-02-2008

Een van die grootste komplimente wat 'n mens 'n predikant kan gee, is om te vra dat hy of sy jou begrafnisdiens sal lei. My seun, Etienne (jr), was in die hoërskool toe hy sê dat, as hy iets sou oorkom, oom Chris van den Berg sy begrafnisdiens moet lei. Dit was die impak wat Chris van den Berg as predikant gehad het op mense, ook mense buite sy gemeente.

Christopher Michael van den Berg is georden op 4 Mei 1986, het diensplig gedoen in Oshakati en was in die gemeentes Brakpan-Harmonie, Witbank-Suid en sedert 2001 in Zuurfontein. Chris was 'n gemeentepredikant in murg en been. Hy het geleef en uiteindelik so te sê letterlik ook gesterf vir sy gemeente...

Chris was 'n pynlik presiese mens in alles wat hy gedoen het. Hy het die liturgie van elke erediens tot op die minuut beplan. Sy preektemas was vir 'n jaar vooruit beplan en meeste van die tyd was sy preke ook vir maande vooruit reeds uitgewerk. Net so nougeset het Chris ook al die ander fasette van sy gemeentewerk beplan en uitgevoer. Hy het ook 'n besonder pastorale hart gehad en het met groot empatie siekebesoek, sterwensbegeleiding en rousmart hanteer.

Die Kerk het hierdie besondere vermoëns van Chris gou raakgesien, sodat hy etlike termyne gedien het in die Raad vir Prediking en Erediens, vir 'n lang tyd as sekretaris. Die Diensboek wat tans nog gebruik word, het Chris so te sê man alleen op sy rekenaar ingetik en gereedgemaak vir publikasie. Hy was ook twee termyne lank voorsitter van die ring van Zuurfontein.

Ongeveer vier jaar gelede is Chris gediagnoseer met limfklierkanker. Dit was 'n baie harde slag, aangesien sy moeder, wat by hom ingewoon het, 'n jaar of wat voor dit aan dieselfde kanker oorlede is. Chris het moedig geveg teen hierdie siekte. Hy het herhaaldelik chemoterapie en bestraling ondergaan. Kort-kort het die hoop opgevlam dat die kanker in remissie was, om dan net weer 'n paar maande later te hoor dat die kanker in al sy felheid terug is.

Deur dit alles was Chris se eerste prioriteit die bediening in die gemeente. Die kerkraad van Gemeente Zuurfontein het probeer om Chris so ver te kry om op siekteverlof te bly totdat hy volkome herstel het, maar as mens hoor, het Chris weer begin om mense te besoek of om eredienste te hou. Die Ringskommissie en die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering het Chris skriftelik versoek om nie weer te begin werk voordat hy genoegsaam herstel het nie, maar ook dit het Chris nie gekeer nie. Selfs toe hy al feitlik bedlêend was, was hy nog besig om die preekreëlings vir die volgende termyn te tref.

Chris van den Berg is oorlede op 19 Februarie 2008.

Ds Etienne Fourie
Kempten

Ds AAJ Swart

17-07-1935 – 20-02-2008

Ds AAJ Swart is op 21 April 2008 in die ouderdom van 73 oorlede. Hy het sy lewe aan diens in die Kerk van Jesus Christus gewy. Dit het hy gedoen met waardigheid en toewyding. Dié wat hom geken het, sal sy vriendelike en innemende persoonlikheid onthou. Hy was netjies van persoon en sy menseverhoudinge was altyd onbesproke.

Adriaan Andries Jacobus Swart is gebore op 17 Julie 1935 en het grootgeword en skoolgegaan in Randburg. Nadat hy in 1953 aan die Hoërskool Randburg gematrikuleer het, het hy aan die Universiteit van Pretoria in die teologie gaan studeer. Sy studies is telkens onderbreek as gevolg van finansiële nood, tye waarin hy moes uitspring en werk om genoeg fondse bymekaar te maak vir verdere studie. Hy is op 19 Januarie 1963 in Gemeente Suidrand georden. In 1966 het hy om persoonlike redes bedank, waarna hy weer in 1970 tot die bediening toegelaat is en in Gemeente Klerksdorp-Oos bevestig is. In 1979 het hy die beroep na Wolmaransstad aangeneem, waar hy tot met sy emeritaatsaanvaarding op 31 Julie 2000 werksaam was. Die feit dat hy verskeie beroepe ontvang het, getuig van sy gewildheid as predikant. Dat hy in so min gemeentes gewerk het, getuig aan die ander kant van sy uitstekende menseverhoudinge en die opbouende werk wat hy gedoen het. Hy was pastor by uitnemendheid, wat saam met die mense gelewe het. Hy was ook ’n goeie prediker en het veral ’n liefde vir bejaardesorg gehad.

Ds Swart was veral ’n gesinsmens. Hy is in 1967 met Hendrina Matthysen getroud, en saam het hulle vyf kinders grootgemaak. Alhoewel dit ’n hersaamgestelde gesin was, is daar nooit onderskeid tussen die kinders gemaak nie. Die liefde wat die kinders van beide ouers ontvang het, is ’n voorbeeld van toegewyde ouerskap. Trouens, mev Swart was ’n predikantsvrou uit die ou tradisie. Sy het waar moontlik selfs saam met haar man huisbesoek gedoen. Dit was haar lojale en toegewyde ondersteuning wat ds Attie gehelp het om met soveel toewyding sy dienswerk te verrig.

Ds Swart was nie iemand wat homself op die voorgrond gestel het nie. Hy het nooit in rade van die Kerk gedien nie, maar binne ringsverband was hy altyd met oorgawe betrokke. Hy het in verskeie ringskommissies gedien, veral as skriba. Hy was ook betrokke by die ringskomitees vir kategese en sensus en statistiek, waar hy altyd waardevolle bydraes gelewer het.

Sy opregtheid as mens en as toegewyde gelowige word nêrens beter weerspieël nie as in sy geloofsworsteling nadat hy siek geword het en hy en mev Swart na Pretoria moes verhuis. Die aanpassing was groot en vreemd. Wat hier volg, is op sy rekenaar ontdek na sy afsterwe:

Ek dank U dat ons nie soekende skulpies hoef te wees nie. Ek dank U dat U ons vir mekaar gegee het om lief te hê. In u oë is daar nie ou vriende en nuwes nie. U versamel al u kinders in liefde en dra ons uiteindelik met dieselfde brander land toe. Dan is ons nie meer van oos en wes en noord en suid nie. Ons is almal deel van die fyngemaalde gruisklippies op die strand van u genade.

Ons bid mev Swart, die kinders en kleinkinders die Here se troos toe. Saam met julle eer ons ’n geliefde dienaar van die Here.

Ds Dries Beukes
Swartkop

Ds PS de Beer

12-04-1954 – 26-02-2008

Die skielike afsterwe van ds Pierre de Beer op Dinsdag 26 Februarie 2008 was 'n skok vir almal wat hom geken het. Ds De Beer was besig met huisbesoek toe hy aan 'n hartaanval oorlede is. Hy laat sy vrou Helena, seun Stefan en dogter Ronél agter.

Petrus Stephanus de Beer is op 12 April 1954 in Klerksdorp gebore, waar hy ook grootgeword het. Hy is op 29 November 1981 in Voortrekkerhoogte georden en was daarna in De Aar as Dienspligkapelaan werksaam. In 1984 is hy as predikant van Kroonstad bevestig. Tydens sy bediening in Kroonstad het hy ook die lidmate in Hennenman en Steynsrus bedien. In 'n stadium het hy per ooreenkoms 'n tyd lank die Hervormers in Viljoenskroon ook bedien.

Ds De Beer is in 1987 met Helena Rissieuw getroud en twee kinders is uit die huwelik gebore. In 2003 het hy bedank en na Potchefstroom verhuis. Hier het hy as ouderling op besondere wyse in Gemeente Potchefstroom Die Wilge gedien, en in 2006 is hy hertoegelaat tot die bediening. Op 4 Februarie 2007 is hy as predikant van Gemeente Vredefort bevestig, waar hy tot die einde van sy lewe gewerk het.

Pierre het 'n passie gehad om mense in beproewing en nood by te staan. Hy was 'n omgeemens wat intens by mense betrokke geraak het. Prediking het hom na aan die hart gelê, en dit was vir hom altyd 'n voorreg om die evangelie te kon verkondig.

Saam met sy huisgesin roep ons sy lewe en dienswerk in herinnering. Mag julle al die mooi dinge uit sy lewe onthou. Ons bid dat die Here julle as huisgesin elke dag sal troos en dra.

Ds Willem Kok
Potchefstroom

Ds MS Grobler

30-03-1928 – 24-04-2008



Om 'n beknopte weergawe van 'n kleurryke figuur soos oom Tienie te gee, is haas onmoontlik. My eie pad is die afgelope sewe jaar deur hom verryk. Dit was daarom met weemoed maar tegelyk groot dankbaarheid dat ek die voorreg gehad het om hom in Clocolan te begrawe. Na 'n jaar se intensiewe bestraling en chemoterapie is hy op 24 April 2008 in sy huis oorlede.

Marthinus Stephanus Grobler is op 30 Maart 1928 in Outjo gebore. Hy was die seun van wyle Johnny en Willa Grobler, wat diep spore in die geskiedenis van die Kerk getrap het. Hulle was stigterslede van Gemeente Mafeking, waar Johnny Grobler in die kerkraad en verskeie kommissies gedien het, en Willa Grobler jare lank orrelis was. Sy het tydens 'n aanddiens in September 1966 'n beroerteaanval voor die orrel gehad, en is kort daarna oorlede.

Tienie Grobler slaag in 1945 as 17-jarige seun matriek, en behaal daarna die grade BA en BD aan die Universiteit van Pretoria. Op 16 Februarie 1952 word hy in Dordrecht in die Oos-Kaap georden deur wyle prof HP Wolmarans. Van 1955 tot 1963 bedien hy Gemeente Ottosdal, en dit is sy voorreg om die hoeksteen van die gemeente te lê op 19 Oktober 1957. In dieselfde jaar kry sy gesondheid 'n ernstige knou, en verlaat hy die voltydse bediening.

Na sy siekte-emeritaat in 1963 vestig hy hom in die Oos-Vrystaat in die distrik Clocolan op die plaas Boomplaas. Met sy aankoms op Clocolan was daar slegs een gesin van die Hervormde Kerk, maar onder sy sorg groei die lidmaattal, sodat Gemeente Ficksburg in 1968 gestig word. 'n Kerkgebou word ook in Clocolan opgerig onder sy leiding.

Oom Tienie het verskeie kere as lid van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering gedien. Ook in die gemeenskap het hy altyd gedien, en hy ontvang onder andere vyf medaljes van die Suid-Afrikaanse Weermag. Op Clocolan beywer hy hom vir die bou van wooneenhede vir senior lidmate en fasiliteite vir verswakte bejaardes, en dien hy in die beheerliggaam van die skool.

Oom Tienie is op 2 Februarie 1952 in die NG Kerk op Clocolan met Kitty du Preez getroud. Na haar afsterwe tree hy in die huwelik met Elsie, met wie hy 24 jaar lank getroud was, tot met sy afsterwe. Oom Tienie was 'n ware vaderfiguur in Clocolan en omgewing. In tannie Elsie het hy 'n sielsgenoot gevind, wat ook sy liefde vir die Kerk gedeel het. Tannie Elsie besit en bestuur jare lank reeds 'n gastehuis in Clocolan, wat by tye ook gedien het as bymekaarkomplek vir die gemeente. Hulle onvoorwaardelike gasvryheid is wyd bekend.

Ons eer die nagedagtenis van oom Tienie.

Dr Johan Nel
Bloemfontein

Prof FJ van Zyl

06-05-1913 – 01-06-2008

'n Merkwaardige en unieke persoon het ons ontval toe prof FJ van Zyl op 1 Junie 2008 te sterwe gekom het. Dit was kort ná sy 95ste verjaarsdag. Hy het die gang van kerk en volk beleef en help bepaal, van die armoedige vroegtyd van die vorige eeu af, by die hooggroei verby met die ekumeniese en internasionale druk, die oorgang na 'n ongekend nuwe bedeling, die krisis van identiteit en paradigma. Deur alles het hy helder bly dink, vasgehou aan wat hy geglo het, kerkwees beleef en geformuleer, fyn teoloog gebly sonder om deur sosiopolitiek gevange gehou te word. In jare wat kom, sal hy steeds aangehaal word wanneer koers gesoek word.

Hierdie seun van Marico, Francois Jacobus van Zyl, het sy teologiese opleiding aan die Universiteit van Pretoria begin in 1933 en was alleen in sy klas toe hy in 1948 afstudeer. Die eerste paar maande van 1939 bring hy deur in Gemeente Rustenburg onder mentorskap van ds JJ Prinsloo (seun van J Prinsloo).

Op 28 Mei 1939 word hy georden as medeleraar van Johannesburg, waar hy saam met ds JJ Prinsloo (seun van G Prinsloo) werk. Later daardie jaar, op 22 Desember 1939, tree hy in die huwelik met Neelsie van Zyl, 'n Hoëveldse nooi en onderwyseres uit Standerton. Hy neem ook verantwoordelikheid vir Gemeente Johannesburg-Noord. In 1941 aanvaar hy die beroep na Standerton. Daarna volg 'n kort tyd op Lydenburg, daarna Springs en daarna Wonderboompoort.

In 1960 promoveer hy tot doktor in die Teologie en volg hy sy promotor HP Wolmarans op in die leerstoel Godsdiens- en Sendingwetenskap. Hy bring die jare 1960 tot 1978 deur in 'n vrugbare en diepgaande teologiese bedryf. Wanneer hy in 1978 uittree op 65-jarige leeftyd, aanvaar hy dadelik 'n beroep na Potchefstroom-Noord, waar hy werk tot in 1983, toe hy emeriteer na byna 44 jaar diens. Maar nog was dit nie die einde nie. Hy en Neelsie was pas gevestig in Bergseringlaan, Magaliespark, toe hulle nog weer Gemeente Weltevreden in Johannesburg begin bedien het. So voeg hy nog ses jaar by sy kerklike diens.

Intussen het oor die jare talle ander verpligtinge bygekom. Frans van Zyl was 'n kerklike krag op talle gebiede, 'n waardevolle lid van talle kerklike rade. Sy prediking was digterlik en profetiese, sy deelname aan kerklike vergaderings altyd hoogstaande, sy geskrifte die moeite werd om oor en oor te lees. Reeds in 1959 is hy verkies as lid van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering, maar destyds was professore nog uitgesluit van lidmaatskap van die Kommissie, sodat met sy aanvaarding van die professoraat sy lidmaatskap opgehou het. In 1973 word hy verkies as visevoorsitter, en hy bly in dié hoedanigheid aan tot in 1983.

Die Van Zyl-huis was 'n lewendige en gasvrye plek waar met styl onthaal is. Hy en Neelsie was bowendien van die bes geklede mense in die Kerk.

Sy het hom skielik ontval op 27 Maart 1997. Hy het daarna nog elf jaar bygekry, elf jaar waarin sy vriende en kinders vir hom baie beteken het. Gelukkig was dit net in die laaste kort tydjie dat sy lewenskwaliteit begin afneem het. Die kop het oop en skerp gebly, maar die liggaam kon nie meer goed saamspeel nie. Die onvermydelike het gekom. Ons sê dankie vir ons Vader dat Hy hulle vir ons gegee het. Ons was lief vir hulle en ons sal met groot deernis aan hulle bly dink.

Prof JP Oberholzer
Emeritus

Ds HMJ Kramer

8 Mei 1920 – 11 Junie 2008

Ds Bert Kramer sterf op 11 Julie 2008 in die ouderdom van 88 jaar. Sy nagedagtenis sal lank bly voortleef in die Hervormde Kerk en hy sal altyd onthou word as 'n wonderlike predikant, 'n skerpsinnige denker, 'n humoris van formaat, maar ook as 'n eenvoudige mens met baie medemenslikheid.

Ds Hubertus Marius Jan Kramer het gedurende September 1948 na Suid-Afrika gekom, nadat hy sy teologiese studies suksesvol aan die Universiteit van Utrecht voltooi het. Die daaropvolgende jaar het hy 'n jaar lange kursus in Suid-Afrikaanse kerkgeskiedenis deurloop aan die Universiteit van Pretoria, voordat hy aan die begin van 1950 as predikant van die Hervormde Kerk georden is.

Harde werk, selfdissipline, uitsonderlik gewaardeerde prediking en siekepastoraat, is maar enkele van die uitstaande kenmerke wat die lang en toegewyde bedieningstyd van ds Bert Kramer gekenmerk het. Hy bedien die gemeentes Dullstroom, Johannesburg, Bloemfontein, Middelburg en Melville. Sy liefde vir siekepastoraat en die versorging van die mens in nood het daartoe gelei dat hy in 1964 deur die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering aangestel is as die eerste hospitaalpredikant van die Hervormde Kerk. Deur hierdie bediening het hy besondere pionierswerk gedoen en dien hy as hospitaalpredikant in Johannesburg vir meer as 21 jaar. Gedurende die aanvangstyd van hierdie bediening het hy al die hospitale in Johannesburg, die Oos-Rand en die Wes-Rand besoek; daar was 32 hospitale onder sy sorg. Hierdie werk het hy gedoen deur daagliks van bed na bed in elke hospitaal te loop op soek na lidmate van die Kerk. So het hy ook op 'n uitsonderlike manier evangelisasiewerk gedoen onder mense in nood. Hy word tot vandag toe beskou as die vader van hierdie dienswerk in die Kerk. Die Kerk het altyd hoë waardering gehad vir die wyse waarop hy dié dienswerk verrig het.

Gedurende hierdie tyd het hy ook vir bykans vier jaar gewerk as pastorale hulp in Gemeente Kensington, daarna ook as pastorale hulp in Gemeente Horison, en met sy aftrede het hy enkele jare nog saam met sy seun, ds Jan Kramer, gewerk in Gemeente Elsburg. Na sy aftrede het ds Japie Coetzee hom opgevolg as hospitaalpredikant – ds Coetzee het in latere jare ds Bert se visie oor hospitaalbediening en die ontwikkeling van siekepastoraat grootliks tot uitvoer gebring.

Ds Kramer was die skoonseun van wyle prof SP Engelbrecht. Hy het jare lank saam met sy skoonvader gewerk in die argief van die Kerk, en gehelp om die SP Engelbrecht-museum uit te bou. Hy het in alle opsigte sy skoonvader se liefde gedeel vir die bewaring van oudhede, en as gebore Hollander was dit altyd verrassend om sy kennis van die Suid-Afrikaanse kerkgeskiedenis te beleef.

Gedurende sy bedieningstyd het hy groot invloed uitgeoefen op predikante. Hy het altyd besondere liefde uitgestraal teenoor al sy kollegas. Daar is vandag nog predikante wat met dankbaarheid getuig van ds Kramer se betrokkenheid by hulle besluit om predikante te word. Hy het teologiese studente selfs finansieel bygestaan en wanneer hy dit nie self kon doen nie, het hy na ander bronne gesoek.

Ds Bert was vir meer as 50 jaar getroud met Tera en uit die huwelik is twee kinders gebore. Ds Jan Kramer is al jare lank predikant in Gemeente Elsburg, en sy suster spog met 'n doktorsgraad in Frans en is feitlik in die finale voltooiing van haar doktorsgraad in Russies. Sy kleinseun Marius volg ook in oupa se voetspore en is tans besig met sy teologiese studies.

Ds Jan Kramer
Elsburg

Sekretarisse & personeel

Dr Fanie Pretorius
Sekretaris:
Algemene Kommissie

Dr Wilhelm Coetzer
Sekretaris:
ADV

Dr Wim Dreyer
Sekretaris:
Apostolaat



Dr Wouter van Wyk
Sekretaris:
SENTIK

Mev Karen Breedt
Persoonlike Assistent:
Sekretaris Algemene
Kommissie

Mev Marié van Niekerk
Sekretaresse: ADV en
Kinderhuise

Mev Clarika Hattingh
Sekretaresse:
Apostolaat

Mev Cecile Naudé
Administrasie: SENTIK
en Biblioteek

Dr Jan Oberholzer
Bestuurder:
Kinderhuise

Mev Mariaan Steenkamp
Uitvoerende Direkteur:
Ondersteuningsraad

Mev Ansie Cromhout
Sekretaresse:
Ondersteuningsraad

Mej Karin du Toit
Transoranje Instituut
(TOIBO)

Mnr David de Villiers
Rekenmeester:
Ondersteuningsraad

Administrateur en personeel

Mnr Kobus Viljoen
Administrateur

Mnr Elmar Struwig
Hoofrekenmeester

Mev Thea Wessels
Rekenmeester

Mev Annerien Lewis
Assistent-rekenmeester

Mej Rona Barnard
Persoonlike Assistent: Administrateur

Mnr Leon Moore
Rekeningkundige
Beampte: Debiteure

Mev Alida Bezuidenhout
Rekeningkundige
Beampte: Krediteure en Beleggings

Mev Sarie Roux
Rekeningkundige
Beampte: Kassier

Mev Adrie Janse van Rensburg
Rekeningkundige
Beampte: Data-invoere

Mnr Christo Joubert
Hoof: IT

Mev Marietjie Smith
Salarisadministrasie

Mnr Jannie van Niekerk
Ontvangs en Skakelbord

Oudit

Mnr Johan Hattingh
Hoof: Interne Oudit

Mev Deonie la Grange
Ouditbestuurder

Mev Marieta Bodenstein
Ouditklerk

Mev Elize Jones
Ouditklerk

Mev Wilna Davis
Ouditklerk

Mev Rina Oosthuizen
Ouditklerk

Mev Hester Pretorius
Ouditklerk

Mev Annetjie Swart
Ouditklerk

Mev Helena Prinsloo
Ouditklerk

Mev Ria Eksteen
Ouditklerk

Mej Annelie Coetzee
Ouditklerk

Mej Theandri Wessels
Ouditklerk

Mannekrag

Mnr Piet Beukes
Bestuurder:
Mannekrag

Mev Elsie Brits
Sekretaresse:
Bestuurder Mannekrag

Mev Elsie Boonstra
Mediesefonds-
administrasie

Mnr Leon Botha
Gebouebestuurder

IKSA en Konservatorium

Dr Elsabé Kloppers
Hoof: Konservatorium
en Direkteur: IKSA

Mev Margaret van der Vegt
Orreldosent

Mnr René Mathlener
Orreldosent

to care

Ds Johan Smit
Uitvoerende Beampte

Mev Marionette Botha
Administratiewe
Beampte

Mej Salome Webb
Projekbestuurder

SENTIK

Dr Wouter van Wyk
Sekretaris

Dr Wian Kloppers
Redakteur: *Konteks* / Visuele Kommunikasie

Mev Cecile Naudé
Administrasie en Biblioteek

Mev Tessa Oppermann
Produksiebestuurder

Mev Susann van Zyl
Boekwinkel

Mej Izelle Marx
Grafiese Ontwerp

Mej Francis Coertse
Grafiese Ontwerp

Mnr Nándor Sarkady
Argivaris

Donderdag 31 Desember

Moenie van die waarheid afdwaal nie

Jakobus 5: 13-20

As daar iemand onder julle is wat swaar kry, moet hy bid. As daar iemand is wat opgeruimd is, moet hy lofliedere sing. (Jak 5: 13)

Jakobus roep ons op om te leef, nie vanuit ons aanpassings nie, maar vanuit ons wese. Ons moenie optree asof ons verlore is en asof ons weggegooi is nie. Ons moet ook nie optree asof ons op ons eie is nie. Dit is alles aanpassings wat die mens vanuit vrees en skuld gemaak het. Dit is nie meer die gelowige se essensie of waarheid nie. In Jesus Christus is ons verhouding met God herstel. Ons is nie meer alleen nie. In Jesus Christus is ons verhoog tot kinders van God, ons is nie meer weggegooi nie. In Jesus Christus is ons skuld betaal, ons kan vanuit vryheid optree. Dit gee 'n totaal ander kwaliteit aan ons optrede.

In die nuwe jaar kan ons optree vanuit gebed en met die seën van God. Ons sal dan nie meer hongerig gryp na goed en mag nie. Ons hoef ook nie meer versigtig en passief weg te kruip nie. Ons kan as die kinders van God eerder geroepe en doelgerig intree en skeppend binne die skepping van God werk. Ons moet mekaar nie seermaak of verlaat nie, maar eerder in liefde nader aan mekaar en aan God beweeg. Doen en leef vanuit u Godgegewe waarheid.

Gesang 522: 1-2

Ds JF van der Merwe
Beroepafwagtend

Woensdag 30 Desember

In God het ons alles

Jakobus 4: 1-11

Maar die genade wat Hy gee, is nog groter. (Jak 4: 6)

Ons leef in 'n wêreld wat oorspoel word deur die vrees dat daar nie genoeg is nie. Daar is nie genoeg geld of tyd nie. Daar is nie genoeg liefde of aandag nie. Dié vrees sit om in 'n onversadigbare honger na meer. Ons tree op soos verslaafdes. Ons doen dinge asof daar iets met ons fout is, asof God half geskape het en ons dit moet voltooi. As ons dink daar skort iets met ons, ons is nie waardig genoeg nie, ons is nie goed genoeg nie, ons verdien nie om liefgehê te word nie, dan leef en tree ons op vanuit behoefte. Dan moet ons van die dagloon terughou, ons moet ander se eer met ons onbeheerste tong beskadig, want daar is nie genoeg nie en die bietjie wat daar is, moet ons gryp.

Jakobus herinner ons daaraan dat God se werk afgehandel is. Hy gee alles. Daar kort niks. Daar kort nie nog sukses of nog vergifnis voordat ons waardig is nie, Hy het alles reeds gedoen om ons waardig te maak. Daar kort nie nog iets om naby God te wees nie, ons is reeds naby aan God. As gelowiges hard werk in die nuwe jaar, hoef ons dit nie te doen omdat ons van iets weghardloop nie. Ons kan dit doen omdat God ons vrygemaak het en ons seën. Dan tree ons nie op soos 'n slaaf in verslawing nie, maar eerder soos dankbare, vrygemaakte kinders van God, omdat daar oorvloed is. Ons kan 'n nuwe jaar binnegaan met nuuskierigheid, want ook in hierdie jaar sal God in oorvloed voorsien. Wat ons ook al sal nodig hê, sal daar wees – troos, herstel, liefde, genade, lewe. Leef en tree op soos 'n heel mens wat alles reeds van God ontvang het.

Gesang 521: 1-2

Ds JF van der Merwe
Beroepafwagtend